DEEL 116 | WEEK 29 | 19 JULIE 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Boere kon vee betyds uitkeer




• *Hendie Lotter en Marina van Biljon*

'n Veldbrand wat verlede week op die plaas Holfontein tussen Heilbron en Frankfort ontstaan het, het groot skade veroorsaak. Die plaas behoort aan die voormalige Vrystaatse Premier, Sisi Ntombela. Die brand is na bewering veroorsaak deur sweiswerk wat aan die hek by die ingang gedoen was.

'n Vonk het gras aan die brand gesteek, en die vuur het vinnig versprei, wat groot areas weiding en bale van verskeie boere vernietig het. Boere in die omgewing is dringend in kennis gestel om te help toe die vuur buite beheer geraak het. "Ons vra hulp. Die vuur op plaas Holfontein is buite beheer en baie groot. Die wind waai en die vuur is oppad Frankfort se kant toe," het die boodskappe gewaarsku. Die rookwolke kon tot in Warden gesien word.

Johannes Potgieter, wie se plaas ook Holfontein genoem word en aan Ntombela se plaas grens, is een van die boere wat groot skade gely het. Volgens Potgieter het ongeveer 122 hektaar van sy weiding afgebrand, asook 400 bale voer.

Nog 'n slagoffer van die woedende vlamme was Dr. Neels Cilliers, 'n veearts in Frankfort. Neels was op daardie oomblik in Vrede besig om skape se dragtigheid te toets toe hy die nuus ontvang het. Op sy plaas het hy ongeveer 300 hektaar weiding verloor, wat na berigte sy hele wintervoorraad was, asook al sy bale vir kalftyd.

Quintin Antunes en sy buurman is ook geraak deur die verwoestende vlamme. Hoewel daar groot skade is, is die boere dankbaar dat geen vee verloor is tydens die vuur nie. Cilliers het die boere se vinnige optrede geprys, aangesien hy nie self op die toneel kon wees nie. Boere het na die oproep om hulp, alles gelos en gegaan om te help. Selfs André van SANRAL het hulp gebied deur sy vuurvegter te vat om die blitsige vlamme te help bekamp. Drade is betyds geknip en André het gehelp om die vee veilig oor die pad te kry. Dit word beweer dat die vuur tot 'n einde gebring is te danke aan Quintin Antunes se vinnige aksie om 'n teenbrand by die volgende grondpad aan te steek. Die impak van die brand is groot, en die gemeenskap is steeds besig om die skade te bepaal.

Die Heilbron Herald het probeer om die voormalige Premier Ntombela vir kommentaar te kontak, maar sy was ongelukkig nie beskikbaar nie. Sy het wel Vrydag op die Frankfort Herald se vrae gereageer per stemboodskap.

Volgens die Frankfort Herald het Mevrou Ntombela die insident bevestig: "Ja, dit is inderdaad waar dat die brand van ons kant af begin het. Dit is jammer dat so 'n gebeurtenis plaasgevind het toe ons dit die minste verwag het. Ons wil graag al ons naburige boere opreg bedank wat in groot getalle uitgekom het om te help met die blus van die brand, wat deur die wind aangedryf is."

Ntombela het bygevoeg dat die bure puik werk gedoen het en sy bedank al die boere namens haar en haar hele familie vir hul hulp.

Volgens Antunes, wat ook die voorsitter van die Distrik van Landbou is, heers daar 'n gevoel van teleurstelling onder die boeregemeenskap, omdat hulle glo dat dit baie onverantwoordelik is om in winderige toestande te sweis sonder om voorsorgmaatreëls te tref. Dit word beweer dat Mnr. Ntombela reeds met sekere boere kontak gemaak het en omverskoning gevra het, maar nog nie almal gekontak het nie. Boere word aangeraai om versigtig te wees wanneer daar enige sweiswerk of voorbrande gemaak word, en om aan te sluit by hul plaaslike brandbeskermingsvereniging.

*Foto erkenning: Marinda Swarts*









# UIT DIE PEN:



## Week 29

Vandag wonder ek oor die wonder van bene en arms. Wat werk! Aangesien ek steeds met Die Standbeeld loop.

Ek was in graad 7 toe ek en my koshuiskamermaats bollemakiesie op die bed gemaak het. Almal het *gejil* van lekkerte en ek het my arm gebreek. My ma het ingery dorp toe en my hospitaal toe geneem, as ek reg onthou. Daar gekom het Dr Bosch, wat aan diens was, x-strale geneem. Hy het my arm in allerhande vreemde posisies ingedruk sodat die beste x-straal geneem kon word.

Ek is tot vandag toe nog kwaad vir hom want dit was heerlik seer. "Nog boontoe" of "buig jou hand hiernatoe" en elke keer het ek gehuil van die pyn. Hy het my arm in gips gesit: daar was net 'n stuk gips aan die onderkant van my arm, die res met verbande toegedraai. Ek kan nie eers meer onthou vir hoe lank nie.

Ek kan onthou dat ek met my arm op 'n kussing moes slaap. Ek het gesukkel om klere aan te trek en die groot, wit ding deur die mou te druk. My arm was pas in gips toe die eksamen aanbreek. Die onderwysers was baie besorg oor my: ek sou ekstra tyd kon kry om die eksamens af te lê. Ek het glad nie verstaan hoekom nie, want my regterarm was gebreek en ek is eintlik linkshandig.

Toe die gips afkom, het my ma my maak toonlere speel op die klavier: sommer drie of vier oktawe, maar ek mag nie my lyf geskuif het nie. My arm moes beweeg. En so het ek weer geleer om my arm te gebruik.

Ek kyk 'n klomp videos oor hoe om met een kruk te loop en hoe om jou liggaam se middelpunt weer te herstel. Vir 8 weke dink my lyf dat ek meer na die linkerkant toe moet leun omdat my regterbeen gebreek was.

Ek is nou al 'n gereelde besoeker by Paul, die fisio. As daar nou iemand is wie my gal kan werk, is dit hy. Gister was ons 'n paar minute laat vir ons besoek. Hy vat my dadelik na die dwarsbalke toe en laat my op albei bene staan. Dan moet ek my gesonde been oplig sodat ek op Die Standbeeld kan staan. Amper dieselfde as verlede week, maar sonder enige opwarming. En toe laat hy my met net een kruk loop.

Verlede week was my hele linker- en regterkante deurmekaar. Synde ek linkshandig is, was dit vir my baie moeilik om die kruk in my linkerhand te sit en met my regtervoet te leer trap. Dit het net glad nie sin gemaak nie. Ek moes die ritme hoe ek loop, ook verander om met een kruk aan te pas. Waar ek gewoonlik regtervoet, krukke, linkervoet geloop het, moet dit nou regtervoet en krukke op dieselfde tyd wees, en daarna die linkervoet.

Ek het oor en oor na die videos van die fisioterapeute gekyk. Natuurlik laat hulle dit baie makliker lyk, want hulle het nie seer nie. Hulle verduidelik hoe maklik dit is om gewig op die seer voet te sit, en dan die volgende tree te gee. Ja, want die beste stuurlui staan aan wal, dink ek. Ek probeer, maar kry dit nie reg nie.

Ek bak Saterdag koek (dit neem my veel langer as gewoonlik, want ek moet te kruk na die yskas, die melk uithaal en dit op die kas sit, dan die yskas toemaak, kruk tot by die kas waar ek die melk gesit het, dan aanskuifel tot by die mengbak, en in dieselfde asem seker maak dat die melk binne bereik bly).

Ek hou die kombuis se eiland in my regterhand en stap rondom die eiland, met die kruk in my linkerhand.

By Paul werk dit nie so nie, want my middelpunt wil graag iets hê om aan beide kante vas te hou. Ek huil en sukkel en huil en sukkel. En ek wens steeds ek kan die horlosie terugdraai tot net voordat ek gegly het. Maar helaas.

Ek lees 'n berig van 'n Comrades-atleet wat haar fibula gebreek het. Sy het begin loop en later het die fisio en die ortopeed gesê dat sy op gras mag hardloop. Sy het hierdie jaar die Comrades voltooi, agt maande nadat haar fibula gebreek is.

Ek wonder hoe op aarde die persoon dit reggekry het, want ek trek die almanak nou al op week 10 en ek kan nog nie alleen stap nie. Ek kan natuurlik redeneer dat die atleet 15 jaar jonger is as ek.

Daardie nag droom ek hoe ek sonder krukke rond stap. Die volgende oggend is ek gemotiveerd en begin weer oefen. Dinsdag gaan ek weer na Paul toe, ek gee my beste. Ek klim papnatgesweet in die kar, uitgeput. Ek het regtig probeer. By die huis gaan lê ek vir 'n uur op die bed, want ek bewe van die koue. Toe die koue verby is, staan ek op en ewe skielik kan ek nie onthou hoe om met een kruk te loop nie!

Ek staan op een plek en lig my gesonde been vyf keer op, net sodat my kop weer kan agterkom dat dit moontlik is. Ek hou die kruk in my linkerhand vas en gooi die ander kruk op die bed. Ek gaan nou badkamer toe stap met een kruk en basta. Dit vat my weliswaar heelwat langer om met een kruk tot by die badkamer te kom, maar ek kry dit reg. Ek roep my goeie man om my te ondersteun sodat ek tot in die sitkamer kan kom.

Vanoggend probeer ek vanaf my lessenaar na my kantoordeur stap met net een kruk, en ek kry dit reg! Ek moet eers my been "start" en daarna begin ek aanskuifel, maar dit werk.

Wat 'n ongelooflike voorreg om bene en arms te hê wat kan werk.

Dink vandag daaroor.

# Bewusmaking van geestesgesondheid



Die Heilbron Kliniek het Vrydagmiddag 'n inligtingvolle geleentheid vir die gemeenskap aangebied, wat die fokus geplaas het op die belangrikheid van geestesgesondheid onder inwoners. Die oggendpraatjie het 'n verskeidenheid sprekers ingesluit wat die gemeenskap toegespreek het oor die hantering van geestesgesondheidskwessies. Uaiden Schoeman, eienaar van Evergreen Counselling en Gesondheid Terapeutiese Dienste, was een van die prominente sprekers. Die sprekers het insig en advies gedeel oor die hantering van hierdie kwessies en beklemtoon hoe noodsaaklik dit is om openlik oor geestesgesondheid te praat en dit te normaliseer. Daar heers steeds 'n stigma rondom hierdie onderwerp wat mense kan weerhou om hulp te soek. "Mense moet verstaan dat geestesgesondheid almal raak," het een van die sprekers gesê. Statistieke toon dat een uit elke vier mense op 'n stadium in hul lewe 'n geestesgesondheidsprobleem kan ervaar. Hoe vroeër hierdie kwessies aangespreek word, hoe beter is die uitkomste vir die individu. Die ondersteuning wat rondom hierdie kwessies gebied word, speel 'n kritieke rol in die herstelproses. Die Heilbron Kliniek se inisiatief word geprys vir sy bydrae tot die bevordering van begrip en ondersteuning rondom geestesgesondheid in die gemeenskap.

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

• *Elmarie Els*

**Jy ken dalk iemand met 'n dwelmmisbruik probleem en die vraag is nou.**

*"Hoe kan ek my geliefde, kind of vriend help?"*

*Waar begin mens om die probleem te hanteer?*

Skadelike dwelm- of alkoholgebruik kan 'n ernstige uitdaging wees. Dikwels is meer as net die gebruiker of wangebruiker nodig om die probleem te hanteer. Dit kan die doelbewuste optrede en toewyding van die res van die familie benodig om die kwessie suksesvol op te los. Die beste plek om te begin is by die begin.

Hier is 'n paar wenke oor waar om met die proses te begin om die probleem aan te spreek.

1. Lig jouself en andere in oor die positiewe en negatiewe uitwerking van middels, die risiko wat hulle gebruik inhou en watter bronne beskikbaar is. Kry brosjures by jou plaaslike kliniek, jou dokter, nie-regeringsorganisasies of die internet.
2. Maak ingeligte keuses oor jou eie gebruik van gemoedsveranderende middels (bv. ontspan en geniet jouself sonder dat jy noodwendig alkohol, sigarette of gemoedsveranderende middels gebruik), en doen iets aan enige probleme wat jy mag hê.
3. Bespreek alkohol- en ander dwelmgebruik openlik met verskillende mense (Geen prekery, blaam of vernedering nie. Laat mense hulle sienings verduidelik, deel jou waardes en hoekom jy die houding inneem.)
4. Neem kennis van die tekens wat op die problematiese gebruik van gemoedsveranderende middels by die mense om jou dui.
5. Stel duidelike perke vir jouself oor die manier waarop iemand anders se middelgebruik jou raak en besluit wat die gevolge is wat jy bereid en in staat is om deur te voer as hulle optrede nie sou verander nie.
6. Wees eerlik, duidelik en gee om vir die gebruiker deur te sê hoe jy geraak word deur hulle optrede en watter perke jy gestel het.
7. Wees konsekwent oor die manier waarop jy jou perke toepas en die gevolge daarvan. (Wees bereid om vir 'n rukkie die persoon se toegeneentheid te verloor. Moenie skuldig voel oor hulle swak besluite nie. Dit maak nie van jou 'n slegte mens nie.)
8. Monitor jouself. Probeer bewus wees van die maniere waarop jy dalk onbewustelik dit makliker maak vir die probleme om voort te duur.
9. Kry steun en hulp vir jouself — jy sal waarskynlik vind dat baie ander mense in dieselfde posisie is. Sluit by 'n steungroep aan.
   As jy vermoed dat 'n vriend of 'n familielid dalk 'n dwelmprobleem mag hê, moet jy dit nie ignoreer en hoop dat dinge vanself sal verander nie, dit sal nie. Doen iets daaromtrent.

**Hier is 'n paar dinge wat jy kan doen:**

- Praat met die persoon oor jou kommer en bied hulp en ondersteuning aan. Hoe vroeër afhanklikheid behandel word, hoe beter. Moenie wag totdat jou geliefde ineenstort nie.
- Wees voorbereid op verskonings en ontkenning van spesifieke voorbeelde van optrede waaroor jy bekommerd is.
- Moenie so vasgevang raak in iemand anders se dwelmprobleem dat jy jou eie behoeftes afskeep nie. Maak seker dat jy mense het met wie jy kan praat en op wie jy kan staatmaak vir steun, en bly veilig. Moenie jouself in gevaarlike situasies plaas nie. Sluit by 'n steungroep aan.
- Moenie verskonings maak of die probleem probeer wegsteek nie. Dis natuurlik dat mens 'n geliefde wil help wat in die nood is, maar om hulle te beskerm teen die negatiewe gevolge van hulle keuses mag verhoed dat hulle die hulp kry wat hulle nodig het.
- Jy kan 'n persoon met 'n dwelm- of alkoholprobleem steun en behandeling aanmoedig, maar jy kan nie iemand wat afhanklik geword het dwing om te verander nie.
- Jy kan nie jou geliefde se besluite beheer nie. Laat die persoon verantwoordelikheid aanvaar vir sy of haar optrede, 'n noodsaaklike stap op die pad na herstel van afhanklikheid.

# INSPIRASIE RESEPTE


Pasch du Plooy

*This recipe is one of my favourite ways to incorporate prawns into wedding menus. We serve this prawn mixture grilled on a lemongrass skewer with canapes, and it's always a crowd pleaser. The already cleaned prawn meat is readily available these days and very easy to work with.*

**LEMONGRASS AND LIME PRAWN CAKES WITH QUICK CHILLI SAUCE**
Preparation time – 1h30 minutes, Cooking time – 20 minutes, Serving: 6-8 people

**Ingredients for the prawn cakes:** 500g raw prawn meat, minced, 200g minced chicken, breast, 5 cm stick lemongrass, white only, finely chopped. Zest and juice of 1 lime, 1/2 cup green onions, chopped, 2 teaspoons finely minced fresh ginger, 3 cloves garlic, peeled, 2 teaspoons finely chopped coriander, 2 tablespoons sesame oil, 2 tablespoons cornflour, 1 ½ teaspoons fine salt, 1 teaspoon ground white pepper, 1 teaspoon palm sugar or white sugar, 1 egg

**Ingredients for the quick chilli sauce:** 2 - 4 green chillis, seeds removed, 1 cup water, ½ cup rice or white wine vinegar, ½ cup fresh lime juice (can use fresh lemon juice), 1 cup brown sugar, 2 cloves garlic, 2 cm piece ginger, sliced, 1 teaspoon salt, 2 tablespoons fish sauce (can leave out), Small bunch coriander chopped, Small bunch mint, chopped

**Method for the prawn cakes:** In a large food processor add the lemongrass, spring onions, ginger, garlic and coriander. Blend the aromatics until very fine, scraping the sides as you go. Once the paste is fine, add the prawns, chicken, sesame oil, cornflour, salt, pepper and egg and process until it form a smooth paste. Place your mixture in the fridge for 1 hour. Line a large tray with parchment paper or cling wrap. Wet your hands, keep a bowl with water close by to dip your hands between each patty shaping. Use a tablespoon and spoon some of the mixture into your hands and shape into small patties. Place each patty on the lined tray. Repeat until all mixture is shaped. The colder the mixture the easier it will work. Keep the tray in the freezer for 1 hour before cooking. Heat a tablespoon of oil in a frying pan and add 5 patties at a time. Careful as the oil might splatter. Cook them for 3 – 4 minutes aside until golden brown. Repeat for all the cakes. Keep warm until serving.

**Method for the quick chilli sauce:** Add all the ingredients for the chilli sauce in a blender and blend until fine. Place in fridge until needed.

**How to serve:** Served with fresh egg noodles and dressed with chilli sauce, coriander and a squeeze of fresh lime over the top.

# Heilbronners vereer vir Bloedskenkings by SANBS funksie in Kroonstad

Pieter Kühn en Francois Els was die naweek by 'n spesiale funksie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) in Kroonstad vereer vir hul buitengewone bydraes as bloedskenkers. Beide manne het medaljes en sertifikate ontvang vir hul volgehoue toewyding oor die jare. Francois Els het reeds 'n indrukwekkende 125 eenhede bloed geskenk, terwyl Pieter Kühn 'n merkwaardige 100 eenhede geskenk het. By die geleentheid was ook drie ander mans teenwoordig wat hulself onderskei het deur 'n buitengewone aantal bloed eenhede te skenk. Larry Marshall, wat sy reis van lewensredder in 1968 in Durban begin het as 'n leerling-tekenaar, het reeds 260 eenhede bloed geskenk. Hy was geïnspireer deur die gereelde bloedskenkers by sy werk en het besluit om ook 'n bedrae te lewer. Willem Britz het in 1970 in Kroonstad begin om bloed te skenk nadat sy moeder lewensreddende bloedoortappings ontvang het na 'n operasie. Sedertdien het Britz 'n totaal van 280 eenhede bloed geskenk. Die derde persoon is Jeremia Jonker, wat so vroeg as 1960 begin het om lewens te red deur bloed te skenk. Jeremia was dikwels op kort kennisgewing geroep om dringend bloed te skenk vir pasiënte in nood. Jonker is 'n toegewyde en lojale bloedskinker en het tot op hede 'n ongelooflike 303 eenhede bloed geskenk. Gesamentlik het hierdie drie manne 'n verstommende 843 eenhede bloed geskenk en daarmee ongeveer 2529 lewens gered. Hul toewyding en opoffering is 'n inspirasie vir ons almal en herinner ons aan die lewensveranderende impak wat bloedskenkers kan hê. Die SANBS se funksie het die belangrikheid van bloedskenkings beklemtoon en die helde agter die skenkings vereer. Soos die SANBS gereeld beklemtoon: elke eenheid bloed skenk 'n tweede kans op lewe aan iemand anders.



*Op die foto agter tweede van links: Pieter Kühn.*



*Op die foto agter heel regs: Francois Els.*

# Oud-inwoner van Heilbron oorlede



Henna Naude, 'n bekende gesig onder die inwoners van Heilbron, is op Vrydag 12 Julie oorlede. Henna en haar man, Dawie Naude, het jare lank op 'n plaas tussen Frankfort en Heilbron geboer. Uit hulle huwelik is drie kinders gebore: twee seuns en 'n dogter. In 1993 het die egpaar die besluit geneem om na die dorp te verhuis. Henna was 'n geliefde persoon wat diep spore in die gemeenskap getrap het. Sy was betrokke by die VLU, die tuinbouklub, en het gedien op die NG Kerk Moedergemeente se kerkraad. In 2007 het Henna en Dawie besluit om na Bloemfontein te trek, waar hulle by die Altruis aftree-oord ingetrek het. Na Dawie se afsterwe het Henna se dogter, Susan Naude, by haar kom woon, om haar te help versorg. Henna se roudiens vind op Maandag om 10:00 plaas in Bloemfontein. Sy laat haar dogter Susan Naude, twee skoondogters, vyf kleinkinders en vier agterkleinkinders agter. Haar liefde en bydrae tot die gemeenskap sal lank onthou word.

## Geliefde Heilbronner oorlede



Tolla du Plooy, gebore op 14 April 1937, is op 9 Julie 2024 oorlede. Tolla was 'n gesiene persoon in Heilbron en geliefd deur baie. Gebore in Heilbron, het sy vir jare op die plaas Vlaklaagte gewoon. Haar broer was Neels Claasen. Na haar huwelik met Attie Claasen, het hulle na Plaas Hartklop in die Wolwehoek-distrik verhuis. In 1976 het hulle na die dorp Heilbron verhuis weens Attie se hartkondisie. Tolla het vir ongeveer 30 jaar op die direksie van Huis Bron-van-Heil gedien. Haar diens vind plaas op 20 Julie. Sy laat haar seun Attie du Plooy na, twee kleinkinders en vyf agterkleinkinders agter. Haar nalatenskap van liefde en diens aan die gemeenskap sal altyd onthou word.

# Heilbron Kliniek verwelkom Suster Gugu Myeza

Die Heilbron kliniek het onlangs 'n nuwe lid by hul span verwelkom, Suster Gugu Myeza. Hierdie vriendelike gesig kom oorspronklik van Pietermaritzburg, maar vestig haarself tans in Frankfort waar sy elke dag die lang pad na Heilbron aandurf om haar werk met toewyding te verrig. Met 'n passie vir gesondheidsorg en 'n hart vir die gemeenskap, bring Suster Gugu Myeza 'n vars energie na die kliniek. Suster Myeza sien uit na die positiewe impak wat sy sal maak op die gemeenskap van Heilbron.




## BETREKKING VAKANT

CORNELIUS INGELYF PARTNERS INCORPORATED

Benodig die dienste van 'n

ADMIN DAME

Met rekenaar-, tikvaardigheid, vir diensaanvaarding so spoedig moontlik.

**Stuur volledige CV na mevrou A Schutte**

E-pos: amanda@corven.co.za
Sluitingsdatum: 2 Augustus 2024

# Spog met rugby sukses in Valke Afdeling 5A Finaal

Hoërskool Heilbron se 1ste Rugbyspan en O/15-span het op Saterdag 13 Julie hul staal gewys in die Valke Afdeling 5A finaal wat by Hoërskool Brandwag plaasgevind het. Die O/15-span het 'n naelbyt oorwinning behaal met 'n telling van 17-14 teen Hoërskool Birchleigh. Hul deursettingsvermoë en spanwerk het duidelik gesorg vir hierdie welverdiende oorwinning. In die daaropvolgende wedstryd het die Eerstespan hul teenstanders, Dr. Johan Jurgens, met 'n indrukwekkende 34-19 verslaan. Hierdie prag oorwinning toon die span se toewyding en harde werk. Met beide spanne wat hul plekke in die SDC Noordvaal kwartfinaal verseker het, wag daar groot dinge op 27 Julie. Die gemeenskap van Heilbron is trots op hul spanne en sien uit na verdere sukses.





*Op die foto bo Hoërskool Heilbron se 1ste Rugbyspan en die O/15-span.*
*Foto erkenning: André Pretorius Fotografie.*

## Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Ekstraklasse

### UITSLAE VAN WISKUNDE EN FISIESE WETENSKAP


Die Junie-eksamen het baie uitdagings gebied, maar daar was steeds leerders wat puik gevaar het danksy Suryn Claasen se ekstra Wiskunde en Wetenskap klasse.

**HIER ONDER VOLG DIE TOPPRESTEERDERS TYDENS DIE TWEEDE KWARTAAL:**


• Annebelle Bester, 'n graad 9 leerder van Hoërskool Heilbron, het haar Wiskunde-punte met 'n indrukwekkende 48% verbeter ná slegs een kwartaal se ekstra Wiskunde klasse.
• Johandri Pretorius, ook 'n leerder van Hoërskool Heilbron in graad 11, het 'n merkwaardige 89% behaal vir Fisiese Wetenskap.
• Twee leerders van Hoërskool Wilgerivier het ook gewys wat in hulle steek tydens die Junie eksamen:
• Simonne Cronjé, 'n graad 8 leerder, het haar Wiskunde-punte met 40% verbeter in slegs een kwartaal se ekstra klasse
• Mari Fourie, ook 'n graad 8 leerder, het 'n uitstekende 96% behaal vir Wiskunde.

***Hierdie uitslae bewys die waarde van Suryn se ekstraklasse en die verskil wat dit maak in die leerders se akademiese prestasies.***

Kontak Suryn op 083 234 9882 indien jy jou kind wil inskryf. Boek vroegtydig vir 2025.
Graad 8-12 Wiskunde en Fisiese Wetenskap.



*Mari Fourie*



*Annebelle Bester*



*Johandri Pretorius*



*Simonne Cronjé*

**NGWATHE MUNICIPALITY**

## PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of Section 78(1) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the **5th Supplementary Valuation Roll** for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period **01 JULY 2024** to **15 AUGUST 2024**, Mondays to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas:

| | PARYS | HEILBRON | VREDEFORT | KOPPIES | EDENVILLE |
|---|---|---|---|---|---|
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWN | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office |
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP | | Customer Care Office: Phiritona | Customer Care Office: Mokwallo | Customer Care Office: Kwakwatsi | |
| LIBRARY IN TOWN | Help desk: Parys Library | Help desk: Heilbron Library | Help desk: Vredefort Library | Help desk: Koppies Library | |
| LIBRARY IN THE TOWNSHIP | Help desk : Thutong and Schonkenville Library | Help desk : Phiritona and Sandersville Library | Help desk : Vredeshoop Library | Help desk : Kwakwatsi Library | |

In terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices. The completed form/s must be returned to:

*Ngwathe Local Municipality*
*Valuation Roll*
*P.O. Box 359*
*PARYS*
*9585*

*Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Care Offices*

For enquiries please contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700 or email: valuations@ngwathe.co.za

**K. LEPESA**
**CHIEF FINANCIAL OFFICER**

**Ngwathe Local Municipality**
**Liebenburg Street**
**PO Box 359**
**PARYS, 9585**
**Tel: +27 (0) 56 816 2706**

## IMPORTANT NOTICE
## ILLEGAL CONNECTION OF ELECTRICAL & WATER METERS

### ATTENTION NGWATHE RESIDENTS

Ngwathe Local Municipality is issuing a public statement regarding illegal social drift affecting community utilities. The municipality noted with great concern, that numerous electrical and water meters within our area of jurisdiction have been bridged, tempered with or illegally connected, resulting to inaccurate readings, services disruption and most importantly loss of revenue to maintain community utilities. As custodian of our community's infrastructure, the municipality has initiated a process of identifying and rectifying bridged/faulty meters to address electricity and water loss.
Data verification and alignment with financial systems will form part of the corrective actions; this will include new applications, verification of indigent register and rollover of TID (Token Identifier) for pre-payment meters to be in line with relevant legislation.

To implement this process successfully, the municipality will require co-operation of all residents, as municipal field workers will be visiting residents, business and all properties within Ngwathe areas to physically inspect municipal utilities and service.

Physical inspection will mainly focus on electricity meters, water meters, refuse collection, sanitation, customer details and required operating documents pertaining to guest house, NGO's and other sectors of business.

We understand that addressing the above issues may cause some inconvenience, but its necessary to improve the integrity and reliability of our community utilities. We are committed in ensuring that our community's infrastructure operates efficiently for the benefit of all residents.

Should you have any queries in this regard, please contact Revenue and Billing Section. for more information please contact/WhatsApp the following number: 060 534 3900 or email: datacleans1@ngwathe.co.za

Regards
DR. FP MOTHAMAHA
Acting Municipal Manager
Ngwathe Local Municipality



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE CATHARINA SUSANNA ELLIS**
Identiteitsnommer: 561006 0094 08 4, in lewe 'n pensionaris woonagtig te Conventionstraat 19, Reitz, 9810, weduwee.
**DATUM VAN AFSTERWE: 11 AUGUSTUS 2021**
**BOEDELNOMMER : 002102/2022**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

In die boedel van wyle **LUKAS MARTINUS SWART,** Identiteitsnommer 680428 5009 08 9, in lewe woonagtig te Plaas "China", Edenville, Vrystaat, **BOEDELNOMMER 3703/2024,**
Datum van afsterwe 18/05/2024.
Krediteure en debiteure in bogemelde word hiermee versoek om hulle eise in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergetekende binne 'n typerk van dertig (30) dae vanaf 19 Julie 2024.
**J H DELPORT**
**GEVOLMAGTIGDE EKSEKUTEUR TESTAMENTÊR**
**POSBUS 1606**
**KROONSTAD 9500**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **MAKUME**
First names: **MOKETE JACOB**
Estate number: **2357/2024**
Identity/passport number: **591106 5454 087**
Date of death: **13/10/2023**
Last address: **PLOT 370, KOPJES SETTLEMENT, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surname of Surviving Spouse:
THAKANE ROSELINE MAKUME
Identity/Passport Number: 581227 0410 080
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET HEILBRON 9650**
**ADVERTISER E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**ADVERTISER TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2024/07/08**

VORM JJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Sertifikaat van Eiendomsreg **TE 21959/1994** gepasseer deur die **DORPSRAAD VAN PHIRITONA** ten gunste van **MAMA DORA POHO,**
**Identiteitsnommer: 220606 0118** 081 ten aansien van sekere ERF 114 PHIRITONA, DISTRIK HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT. GROOT: 825 (AGT TWEE VYF) vierkante meter.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 15 dag van Julie 2024.
**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON, 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald
Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE ELIZABETH MARIA VAN DEN BERG,**
**Identiteitsnommer: 400114 0003 08 2,** in lewe 'n pensionaris woonagtig te President CR Swartstraat 62, Reitz, 9810, geskei.
**DATUM VAN AFSTERWE: 12 MAART 2023**
**BOEDELNOMMER : 003268/2023**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## NOTICE CONSULTATION

**REGARDING APPLICATION FOR AN EXPLORATION RIGHT FOR PETROLEUM IN RESPECT OF VARIOUS FARMS IN THE MAGISTERIAL DISTRICTS OF LINDLEY AND HEILBRON, IN THE FREE STATE PROVINCE**
***(Reference 12/3/381 and 12/3/382)***

The Petroleum Agency of South Africa (PASA) has accepted the application of Plateau Helium (Pty) Ltd to explore for petroleum on the following farms:
**LINDLEY FARMS:** Erfenis 483 (Portions 0 and 1), Bethel 453, Dagga Rand 24, Doornkloof 25, Brakspruit 188, Vlakte 419, Christiana 473, Rijgersbergen 117, Lena 663, Mooidam 679, Karoospruit 349, Groenvlei 211, Zoet Vallei 682, Karroolaagte 683, Wachttoorn 686, Brakleegte 790 (Portion1), La Blanche 920, Mooihoek 921, Quaggaspruit 1002, Vaalhoek 1006 (Portion 0 and 2), Rafidim 680, Waaihoek 167, Leibenberg 740 (Portion 2), De Neckers Rust 322, Ploegskaar 780 and Odendaals Rust 1000.
**HEILBRON FARMS:** Waaghoek 108, Riverplaats 154 (Portions 0 and 1), Morgenster 271, Spitz Kop 279, Eendracht 361, Voorspoed 527 (Portions 0 and 1), Harmonie 528, Anna's Dal 714, Vaalplaats 715, Excelsior 716, Susanna's Vley 718, Utile Dulci 719, Waterval 860 (Portions 0,1,2,3 and 4), Albertina 1427, Tussenin 1428, Hermon 1429, Merindol 1430, Malans Hoek 1431, Kristal 1432, Stille Woning 1433, Volmoed 1434, Die Rand 1547, Wilde Als Kop 1558, Harmonie 1592, Sterling 136, Vaalbank 157 (Portions 0,1,2 and 3), Wellust 169, Bakenkop 302, Goede Hoop 337, Sarina 403 (Portions 0 and 1), Wallkraal 430 (Portions 0 and 1), Weltevreden 455, Klipkraal 462, Dover 573, Springfield 575 (Portions 0,1,2 and 3), Rockby 576, Verdun 717, Raamse 718, Clifton 930 (Portions 1 and 2) and Fountain 968.
All interested and affected parties are hereby invited to contact Plateau Helium (Pty) Ltd
**Name: Ms Tasha Bezuidenhout**
**E-Mail: tasha@tsikoafrica.co.za**
**Telephone Numbers: 082 412 8747 or 27100015554**

**CLOSING DATE: 20 AUGUST 2024**

**VOER TE KOOP**
Kontak 083 688 8256




# TE HUUR • TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant. |
| | Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |




# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# HERALD Sport

## Heilbron Duiwenuus

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Cradock oor 'n afstand van 590km. Hul het teen 'n sterk noordweste wind van voor gevlieg en dit was 'n moeilike roete oor baie berge, gevolglik het hul stadiger as gewoonlik gevlieg. Die voorste duiwe het 9 ure geneem om die afstand af te lê en baie duiwe het na donker hul hokke bereik. Baie geluk aan Dries Cilliers wat die eerste wedvlug gewen het en aan Zenith wat die tweede wedvlug gewen het.

**Cradock 1**
1. Zenith, 2. F Viviers, 3. Zenith, 4. D Cillier, 5. Zenith, 6. Zenith, 7. Zenith, 8. D Cilliers, 9. F Viviers. 10 D Cilliers.

**Cradock 2**
1. D Cilliers, 2. F Viviers, 3. F Viviers, 4. F Viviers, 5. D Cillier, 6. D Cilliers, 7. F Viviers, 8. D Cilliers, 9. F Viviers. 10. F Viviers.



## Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 2024-07-13 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Richmond gevlieg.

Die duiwe is om 07:45 gelos en hulle het oor 'n afstand van 591 kilometer terug na Reitz gevlieg. Sewe lede en 131 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 16:19 geklok. Dit was die Jaaroud Kampioenskap vlug.

1. Du Plessis Hokke, 2. Wolmarans Hokke A, 3. Wolmarans Hokke A, 4. Wolmarans Hokke A, 5. Reitz Lofts 2, 6. Wolmarans Hokke A, 7. Du Plessis Hokke, 8. Wolmarans Hokke B, 9. Reitz Lofts 3, 10. Wolmarans Hokke A.



*Op die foto is Flippie du Plessis van Du Plessis Hokke met die wenduif.*

## Embracing Diversity:

### *Colourblindness as a Bridge to Understanding*

COLORBLIND
UNITED IN DIVERSITY



In an increasingly interconnected world, the concept of Colourblindness has emerged as a beacon of hope for fostering understanding across diverse cultures and backgrounds. It transcends mere tolerance, aiming instead to cultivate genuine empathy and cooperation in workplaces and communities alike.

"At its core, Colourblindness is about recognizing our shared humanity before anything else," explains Laebogang Mokhothu, the visionary behind the initiative. "It's not about politics; it's about people."

The essence of Colourblindness lies in its slogan: "Understanding Each Other in Diversity." It champions the idea that regardless of our cultural or ethnic differences, we are all fundamentally human. This mindset encourages individuals to look beyond surface-level distinctions and embrace the richness that diversity brings.

Imagine a scenario where an Afrikaans-speaking individual encounters someone fluent in Xhosa. Instead of feeling daunted by the language barrier, Colourblindness prompts us to seek common ground, bridging communication gaps through mutual respect and a willingness to learn.

To further these ideals, a significant event is scheduled at the Heilbron Golf Club on July 31st. This gathering will attract representatives from prominent businesses such as ABSA, VKB, and Surrex Insurance Company, among others. The event aims to showcase practical steps towards enhancing cultural understanding and collaboration in the workplace.

"We want everyone to feel welcome and valued," says Mokhothu. "This event is a platform for dialogue, learning, and celebrating our shared humanity."

Participants can expect insightful discussions, cultural showcases, and interactive sessions designed to promote empathy and skill-building in intercultural communication. By fostering an environment where diversity is celebrated rather than merely acknowledged, Colourblindness advocates hope to inspire lasting change in how we relate to one another.

As we prepare to embrace this transformative event, let us remember Mokhothu's words: "I am human first, and then my colour follows. Together, let's build a future where understanding and unity prevail."


WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 , Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 22 JULIE 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DINSDAG - 23 JULIE 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
DAVEL: MILESTONE BEEFMASTERS
11:00, The Bullring
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

WOENSDAG - 24 JULIE 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAMKLUB VEILING
11:00, Vrede gholfklub
Kontak Carel Davel 082 331 1811
VREDE: DEALE BOVELDERS
11:00, Madeira
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
STANDERTON: CLAASSEN AGRI BOERDERY IMPLEMENTE VEILING
11:00, La Rochelle
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DONDERDAG - 25 JULIE 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
BRANDFORT: NELLO DOHNE MERINO STOET
11:00, plaas Ofra
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
BETHLEHEM: JANMARCK BEEFMASTERS
11:00, Stirling
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

VRYDAG - 26 JULIE 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za





